

14 Februarie

Lukas 24:1-11

(Teks: 24: 5)

Bedagsaamheid - so 'n bietjie onvanpas

Een ding wat 'n mens van die vroue rondom die kruisgebeure kan sê, is dat hulle *bedagsaam* was. As Jesus se liggaam in die graf neergelê word, is hulle daar. En Sondagoggend is hulle weer daar. Met salfolie om sy liggaam mee te balsem. Bedagsame mense.

Maar hulle bedagsaamheid was eintlik so 'n bietjie onvanpas. Want dit was alles bedagsaamheid jeens 'n dooie Here. Hulle daag by die graf op met doodsmidisyne! Hulle wil die liggaam met reukolie en mirre gaan dokter. Maar die graf vind hulle oop! En van hulle Here is daar geen teken nie!

En dan kom die vraag:

Waarom soek julle die Lewende by die dooies?

As julle die Lewende soek, wat maak julle dan by 'n graf?

Waarom al die trane, die salfolie, die mirre?

Julle bedagsaamheid word waardeer, maar dit het julle by die verkeerde adres beland!

Kan dit wees dat ek die Lewende dalk by die dooies soek?

Ek glo aan die ewige lewe, maar het my geloof trekke van *lewe*?

Ek is bedees en bedagsaam as ek uit dieptes gans verlore kerm, as ek stroewe trekke om die mond het. Maar ken 'n verhouding met God in Christus nie ook uitbundige vreugde en behae in die *lewe* nie? 'n Lewe met Christus; 'n lewe deur die Heilige Gees?

Kom ek in my persoonlike godsdiens, (in my aktiewe lewe, in die erediens, waar ook al) steeds met my bondeltjie speserye om my gekruisigde Christus mee te salf? Of snap ek ook dat Hy lewe!

Sing Skrifberyming 10

Ds. J.L. Myburg (Oos-Londen)